

**25 April**

**Lukas 24:13-35**

***Weet jy wie stap saam?***

Ons is ook maar elke dag soos die Emmaüsgangers in gesprek met mekaar oor dinge wat rondom ons gebeur. Vir hulle was die dood van Jesus beslis iets besonders. Hulle hoop en verwagting dat Jesus die redder van Israel sou wees is aan skerwe. Hy moes die volk kom verlos van die Romeinse juk. Die volk het 'n politieke leier juis nou nodig. In Hom was al die moontlikhede van so 'n leier. Die berig dat die vroue nie Jesus se Liggaam kon kry nie en dat Hy dalk lewe, het hulle verder ontstel. Nou is daar geen verwagting meer nie, geen hoop, geen toekoms. Hulle moet maar aanvaar en berus.

U gaan vandag weer met mense gesels. U gesprekke gaan moontlik ook oor sake van die dag gaan. Dit sal gaan oor probleme en bekommernisse oor u geliefdes, oor kinders, oor u geldelike situasie. U het dalk 'n baie ernstige siekte of staan langs 'n siekbed. U het dalk 'n geliefde verloor. U is dalk moedeloos en sien geen lig nie. U sien nie kans om meer verder te gaan in die lewe nie. Die pad is dalk te swaar en die klippe te groot.

U kan so voel. Die Emmaüsgangers was ook baie moedeloos. Daar het egter iets gebeur wat hulle hele gesindheid verander het. Die oomblik toe hulle besef dat die opgestane Here Jesus saam met hulle op pad was, het hulle ondanks die gevare terug gehardloop na Jerusalem om die goeie nuus te vertel.

Weet u, die kind van God loop sy lewenspad nie alleen nie, nooit alleen nie. Ons raak moedeloos, maar juis omdat ons vergeet wie saam met ons op ons lewenspad stap. Onthou, Jesus het opgestaan en deur sy Gees is Hy altyd by ons. Immanuel - God met ons. Wat 'n troos!

Sing: Psalm 4:4

Ds. P.A. Coetzee (Suidkus)